Hier is name van God in Hebreeus soos ons dit in die Bybel kry:

1. **EL HA KADOSH**

   Betekenis: Die Heilige God

Isa 5:16 Maar hoog sal die HERE van die leërskare wees deur die strafgerig, en die heilige God sal Hom as die Heilige laat ken deur geregtigheid.

Doen: God is heilig en kan nie sonde aanskou nie. Sonder jou self af vir Hom en wy jou self op nuut weer toe aan El Ha Kadosh.

2. **MESSIAS**

   Betekenis: Die gesalfde

   Psa 2:2 Die konings van die aarde staan gereed, en die vorste hou saam raad teen die HERE en teen sy Gesalfde en sê:

   Doen: dank Jesus dat Hy as Messias gekom het om die sondes van die wêreld weg te neem.Bid tot Messias, die Gesalfde wanneer jy n spesifieke taak moet doen en sy salwing nodig het.

3. **ADONAI ECHAD**

   Betekenis: Die Here is ‘n enige HERE

Deu 6:4 Hoor, Israel, die HERE onse God is ‘n enige HERE.

Doen: Erken God as die enigste en daar is geen ander God as HY nie. Dank Adinai Echad dat jy nie ander gode hoef te aanbid nie.

4. **RUACH HA KOIDESH**

   Betekenis: Heilige Gees

Isa 63:11 Toe het sy volk gedink aan die dae van die ou tyd, van Moses: Waar is Hy wat hulle uit die see laat optrek het saam met die herder van sy kudde? Waar is Hy wat sy Heilige Gees in hulle midde gegee het?

Joh 16:13 Maar wanneer Hy gekom het, die Gees van die waarheid, sal Hy julle in die hele waarheid lei; want Hy sal nie uit Homself spreek nie,

Doen:Bid tot Ruach Ha Kodesh(Hielige Gees)wanneer jy leiding nodig het soos in die ou en nuwe testament.

5. **ABBA**

   Betekenis: Pappa.

Psa 103:13 Soos ‘n vader hom ontferm oor die kinders, so ontferm die HERE Hom oor die wat Hom vrees.

Doen: Wanneer jy vertroosting soek, ‘n vader se arms om jou, bid tot God as ABBA. Vra dat Hy sy vaderhart sal openbaar aan vaderloses.

6. **ADONAI MELEK**

Beteken: Heer/Sovereign Lord/master Koning (HEERSER/outoriteit, gesag/rangorde). God is die koning wat besluite neem, God moet gevrees word.

Psa 10:16 Die HERE is Koning vir ewig en altyd; die heidene het vergaan uit sy land.
Deuteronomeum 10:17 Want die HERE(Yahweh) julle God(Elohim) is die God van die gode en die HERE (Adonai) van die here; die grote, magtige en gedugte God wat die persoon nie aansien en geen geskenk aanneem nie;
Doen: Prys God dat Hy heerser (Adonai) is.
Roep Hom op sy naam Adonai as jy 'n Koning nodig het om jou te help om besluite te neem

Filipense 2:9-11. Spreuke 3-vrees/ Jeremia 10:10 Bewe

7. **EL GIBBOR.**

Beteken: Die sterk, magtigeEen. Magtig en dapper/moedig/onverskrokke in oorlog.

Psa 24:8 Wie is tog die Erekoning? Die HERE (El Gibbor), sterk en geweldig, die HERE geweldig in die stryd.

Doen: Loof God, El Gibbor, dat Hy die magtige Een is wat oorloë wen.
Roep Sy naam, El Gibbor, wanneer jy sukkel met iets en moeg is en nodig het dat Hy vir jou moet veg.

8. **EL ELYON**

Beteken: Die allerhoogste God. Hy is die hoogste bo alles in die skepping.

Genesis 14:18 En Melgisédek, die koning van Salem, wat 'n priester van God, die Allerhoogste (El Elyon), was, het brood en wyn gebring

Psalm 91:1 Hy wat in die skuilplek van die Allerhoogste (El Elyon) sit, sal vernag in die skaduwee van die Almagtige.

Doen: Loof God dat Hy El Elyon is, die God wat die hoogste verhef is bo alles in die skepping.
Roep God aan as El Elyon as jy nodig het om by die Allerhoogste te skuil.

9. **El Olam**

Beteken: Ewige God. God is tydloos. Hy is vandag dieselfde as 2000 jaar terug en sal dieselfde oor 2000 jaar wees.

Jesaja 26:4 Vertrou op die HERE vir ewig, want in die Here(El Olam) HERE is 'n ewige rots.
Heb 13:8 Jesus Christus is gister en vandag dieselfde en tot in ewigheid.

Doen: Loof El Olam omdat Hy gister, vandag en vir ewig dieselfde sal bly.
Roep Sy naam (El Olam) as jy gejaagd is of bekommerd is oor tyd want Hy's die God van tyd.

10. **El Roi**

Beteken: Die God wat sien wat gebeur. God haal nie Sy oë van jou af nie.

Genesis 16:13 Toe noem sy (Hagar) die Naam van die HERE wat met haar gespreek het: U is ‘n God wat sien (El Roi). Want sy het gesê: Het ek hier ook gesien na Hom wat my sien?

Doen: Loof God dat Hy alles sien wat gebeur (El Roi).
Roep Sy naam, El Roi, as jy alleen voel en dink God sien jou nie raak nie.

2Kronieke 16:9, Spreuke 5:21, Hebreers 4:13

11. **El Shaddai**

Beteken: God Almagtig. As jy vir God Almagtig het, het jy niks nodig nie, Hy vervul jou, Hy versorg jou. Niks is vir God onmoontlik nie. (The nourishing one)

Gen 17:1 Toe Abram nege en negentig jaar oud was, het die HERE aan Abram verskyn en vir hom gesê: Ek is God, die Almagtige (El Shaddai); wandel voor my aangesig, dan sal jy opreg wees.

Doen: Loof God dat Hy die Almagtige (El Shaddai) is.
Roep El Shaddai as iets vir jou onmoontlik lyk of as jy voel dat jy liefde en vervulling nodig het.

Lukas 1:37, Mattheus 19:26.

12. **Emmànuel/Immanuel**

Beteken: God met ons. Jesus is as baba gebore en het by ons kom bly. Hy’t ons kom wys hoe God lyk. God is onder ons, in ons, uit ons, by ons…Jesus was die timmerman van Nasaret. Waarlik God & waarlik mens.

Jesaja 7:14 Daarom sal die HERE self aan julle ‘n teken gee: Kyk, die maagd sal swanger word en ‘n seun baar en hom Immánuel (God met ons) noem.

Doen: Loof God (Immanuel) dat Hy by jou is.
Roep Sy naam, Immanuel, wanneer jy wil hê Hy moet naby jou wees en Hom wil voel.

Mattheus 1:23, Johannes 1:11-14, Hebreërs 4:15-16.

13. **Jesus/Yeshua**

Beteken: Verlosser, messias.Dit was Jesus se noemnaam.Josef & Joshua & Josia se name het ook min of meer dieselfde betekenis.

Mattheus 1:21 en sy sal ‘n seun baar, en jy moet Hom Jesus(Yeshua) noem, want dit is Hy wat sy volk van hulle sondes sal verlos.

Romeine 10:13 Want: Elkeen wat die Naam van die Here aanroep, sal gered word.

Doen: Loof Yeshua dat Hy gekom het om jou te verlos van sonde.
Roep Sy naam, Yeshua, as jy nodig het om gered te word in ’n situasie.

14. **YAHWEH (YHWH)**

Beteken: Die onafhanklike een. Yahweh/ Jehovah: (YHWH) Ewige,Onafhanklike,Liefdevolle God. In die Bybel word dit altyd met hoofletters geskryf: HERE/LORD.

Maleagi 3:6 Want Ek, die HERE (Yahweh), het nie verander nie; en julle, kinders van Jakob, is nie verteer nie.

Doen: Loof God omdat Hy Yahweh is, die ewige, liefdevolle, onafhanklike God!
Roep Yahweh wanneer jy Hom wil eer, met Hom wil praat, vir Hom wil sing.

.Yahweh Eloheka: Die HERE jou God. Eksodus 20:2“Ek is die HERE jou God wat jou uit Egipteland, uit die slawehuis, uitgelei het.” Joune.

Yahweh Elohay: Die HERE my God. Sagaria 14:5 “...Dan sal die HERE my God kom, al die heiliges met U!” Myne.

Yahweh Eloheenu: Die HERE ons God .Deutronomeum 6:4 “ Hoor, Israel, die HERE onse God is ‘n enige HERE.” Ons s’n.

Betekenis: Eienaarskap, Behoort, onbeskaamd, trots, persoonlik. God is ’n persoonlike God en ons moet ons nie skaam vir Hom nie, maar trots wees oor Hom.

Doen: Loof God dat Hy jou God is, Yahweh Elohay.
Praat met God persoonlik, roep Sy naam Yahweh Elohay wanneer jy met Hom praat.

Hebreërs 2:11, Romeine 1:16.

??? 11.Yahweh Gmolah

Beteken: HERE van Wraak, vergelding. Net aan God kom die wraak toe, nie mense nie.

Psalm 94:1 God van wraak, o HERE (YHWH Gmolah), God van wraak, verskyn in ligglans!

Doen: Loof God dat net Hy mag wreek.
Roep Sy naam, YHWH Gmolah, volgende keer as jy kwaad is vir iemand en die person wil terugkry en sê dat net God mag wreek.

Romeine 12:17-19

???12.Yahweh Hoseenu

Beteken: HERE ons maker, die een wat ons gevorm het. Formeerder.

Psalm 95:6 Kom, laat ons aanbid en neerbuk; laat ons kniel voor die HERE (YHWH Hoseenu) wat ons gemaak het

Doen: Loof God, YHWH Hoseenu, dat Hy jou gemaak het.
Roep Sy naam, YHWH Hoseenu, wanneer jy vir Hom dankie sê dat Hy jou gemaak het.

Psalm 139:13, Jesaja 27:11, Jesaja 44:2.

15. **Yahweh Jireh**

Beteken: Die HERE wat voorsien.

Genesis 22:13-14 En toe Abraham sy oë opslaan, sien hy meteens ‘n ram wat agter in die bos met sy horings vasgeraak het. En Abraham het gegaan en die ram geneem en dit as brandoffer in die plek van sy seun geoffer. En Abraham het dié plek genoem: Die HERE (YHWH Jireh) sal voorsien! Sodat vandag nog gesê word: Op die berg van die HERE sal dit voorsien word.

Doen: Loof YHWH Jireh dat Hy altyd vir jou voorsien.
Roep Sy naam, YHWH Jireh, wanneer jy geen uitkoms sien nie en vertrou dat Hy sal voorsien in alles wat jy nodig het.

???14.Yahweh Nakkeh

Beteken: Die HERE wat straf/verslaan

Esegiël 7:9 En my oog sal nie verskoon nie, en Ek sal nie spaar nie; Ek sal dit op jou laat neerkom volgens jou weë, en jou gruwels sal in jou midde wees; en julle sal weet dat Ek die HERE is wat slaan (YHWH Nakkeh).

Doen: Loof God, YHWH Nakkeh, dat Hy die een is wat straf.
Bid teen God (YHWH Nakkeh) se straf en vra vir genade vir sonde in jou dorp.

17.Yahweh Nissi

Beteken: Die HERE my banier/vaandel. Wanner mense wou oorlog voer het hulle ’n banier gespan om te sê dat die oorlog oorwin is of om iets bekend te maak of te proklameer.

Eksodus 17:15 En Moses het ‘n altaar gebou en dit genoem: Die HERE is my banier (YHWH Nissi).

Doen: Loof die HERE, YHWH Nissi, dat Hy oorwinning gee en jou banier is.
Roep YHWH Nissi wanneer jy oorwinning nodig het.

18. Yahweh Mkadesh

Beteken: Die Here wat ons heilig/ Die HERE ons reiniger. Hy is afsonder, eenkant, nie aangeraak nie. Simbole van heiligheid en reiniging is sout, vuur en met olie gesalf.

Levitikus 20:8 En onderhou my insettinge en doen dit. Ek is die HERE wat julle heilig (YHWH Mejaddishkem).

Doen: Loof God, YHWH Mejaddishkem, dat Hy ons heiliger en reiniger is.
Vra YHWH Mkadesh om jou heilig en rein te maak wanneer jy sonde gedoen het.

Maleagi 3:3, Levitikus 19:2.

19. Yahweh Rohi

Beteken: Die HERE is my Herder. Hy is die God wat lei, wat omgee, wat na jou behoeftes omsien.

Psalm 23:1 ‘n Psalm van Dawid. Die HERE is my herder (YHWH Rohi); niks sal my ontbreek nie.

Doen: Loof God, YHWH Rohi, as Herder dat Hy die een is wat omgee en leiding gee.
Roep Sy naam, YHWH Rohi, wanneer jy nie weet wat om te doen nie en Sy leiding nodig het.

Psalm 100:3,Esegiël 34:15, Esegiël 34:16,Openbaring 7:17

20. Yahweh Rapha

Beteken: Die HERE wat jou genees. Hy gee vir jou lewe, maak jou nuut en heel. Hy verbind jou wonde en verkwik jou en herstel jou. Hy is ook die een wat jou gesond hou en siektes voorkom.

Eksodus 15:26 en gesê: As jy getrou na die stem van die HERE jou God luister en doen wat reg is in sy oë, en luister na sy gebooie en al sy insettinge hou, dan sal Ek geeneen van die siektes op jou lê wat Ek op Egipteland gelê het nie; want Ek is die HERE wat jou gesond maak(YHWH Rapha).

Doen: Loof God, YHWH Rapha dat Hy jou geneesheer is en jou gesond hou.
Roep Sy naam, YHWH Rapha wanneer jy siek is en genesing nodig het, ook as jou hart seer en stukkend is, Hy maak gesond.

Psalm 103:3, Psalm 107:20,Jesaja 42:3, Pslma 147:3.

19.Yahweh Tsevaoth

Beteken: Die HERE van die Leërskare. Daar is aardse leermagte(soldate) en hemelse leerskare(engele en demone). God heers oor albei.

Jesaja 6:3 En die een het die ander toegeroep en gesê: Heilig, heilig, heilig is die HERE van die leërskare (YHWH Tsevaoth). Die hele aarde is van sy heerlikheid vol!

Doen: Loof God, YHWH Tsevoath, dat Hy die heerser is van alle weermagte.
Roep Sy naam, YHWH Tsevaoth, wanneer jy bang is en nodig het dat Hy engele stuur om vir jou te kom veg.

2Konings 6:17, 1Johannes 4:4.

20.Yahweh Shalom

Beteken: Die HERE is vrede

Rigters 6:24 Toe bou Gídeon daar ‘n altaar vir die HERE en noem dit: Die HERE is vrede (YHWH Shalom)!

Doen: Loof God, YHWH Shalom, dat Hy vrede gee wat mense nie eers kan verstaan nie.
Roep Sy naam, YHWH Shalom, wanneer jy onrustig voel en vrede nodig het.

Johannes 14:27

21.Yahweh Shammah:

Beteken: Die HERE is daar! God is teenwoordig, Hy bring vervulling, Hy maak Sy heerlikheid bekend. God het Sy teenwoordiheid in die woestyn aan die Israeliete deur ’n wolk en vuurkolom bekend gemaak. Hy was teenwoordig in die tempel.

Esegiël 48:35(die stad was) rondom agttien duisend el; en die naam van die stad sal van vandag af wees: Die HERE is daar (YHWH Shammah)!

Doen: Loof die HERE, YHWH Shammah, vir Sy teenwoordigheid om jou en binne jou.
Roep Sy naam, YHWH Shammah, as jy Sy teenwoordigheid nodig het of oor ’n plek wil bid.

22.Yahweh Tsidkenu

Beteken: Die HERE ons geregtigheid.Hy is ‘n regter.

Jeremia 23:6 In sy dae sal Juda verlos word en Israel veilig woon; en dit is sy naam waarmee Hy genoem sal word: DIE HERE ONS GEREGTIGHEID (YHWH Tsidkenu).

Doen: Loof God, YHWH Tsidkenu, want as Hy na jou kyk, sien Hy dat jy onskuldig is in Jesus.
Roep Sy naam, YHWH Tsidkenu, wanneer satan jou aanval met leuens en verklaar dat Hy jou geregtigheid is/dat jy reg staan voor God.

1Korintiërs 1:30,Efesiërs 6:14

23. Yahweh Elohim

Beteken: The strong one/sterk een skepper God (meervoud)/ fullness of might

Genesis 1:1 In die begin het God(Elohim) die hemel en die aarde geskape.

Doen: Loof God dat Hy die skepper is. Hy is die enigste een wat kan maak uit niks uit nie.
Roep God op Sy naam Elohim wanneer jy Hom loof as skepper van jou eie liggaam.
Gen 1:26

24. Alef en Tav / Alfa en Omega

Beteken: alfa en omega is die eerste en die laaste letters van die Griekse alfabet (amper soos ons A en Z in afrikaans) en alef en tav in hebreeus. Dit beteken dat God eerste is en laaste sal wees, dat Hy van die begin tot die einde is en alles tussen-in.

Openbaring 1:8 Ek is die Alfa en die Oméga, die begin en die einde, sê die Here, wat is en wat was en wat kom, die Almagtige.

Doen: Loof God, die Alfa en die Omega dat Hy van die begin af daar was en altyd daar sal wees.
Roep God, die Alfa en die Omega wanneer jy ’n taak begin of voltooi.

Name van God Vader
Abba Vader
Almagtige God
Oue van dae
Skild
Verterende Vuur
Skepper
Skepper van Israel
Sierlike Kroon
Redder
Toevlug
Ewige God
Ewige Koning
Vader
Vader van heerlikheid
Vader van ligte
Vader van genade
Vader van onse Here Jesus Christus
Vader van die geeste
Vuur
Beskutting
Fontein van lewende water
God van Abraham, Isak en Jakob
Vader van ontferming
Vader van vertroosting
God van die gode
God van die hemel
God van my

God van my heil
God van vrede
God van die hele aarde
God wat sien
Maghebber
God vir ewig en altyd tot die dood
Skuilplek
Heilige
Heilige van Israel
Heilige van Jakob
Horing van my heil
Redder
Bergvesting
Rotsvesting
Gebieder
Ek Is Wie Ek Is
Here
Regter
Regter van die ganse aarde
Bewaarder
Skaduwee
Koning
Koning van die eeue, die onverderflike, onsienlike, alleenwyse
Koning van glorie
Aanvoerder
Lig
Lig van Israel
Lewende God
Here God van Israel
Die Here is my banier
Here van die leërskare
Die Here ons geregtigheid
Die Here wat genees
Die Here wat heilig
Majesteit in die hoogte
Maker
Magtige van Jakob
Allerhoogste
Allerhoogste God
Die Here is my deel
Potte Baker
Verlosser
Woning
Skadu
Herder
Skuld
Lied
Sterkte

Sterk toring
Muur van vuur

Name Van Die Seun Van God
Advokaat
Alfa en Omega
Is alles en in almal
Almagtige
Amen
Engel van sy aangesig
Gesalfde
Apostel
Leidsman en Voleinder van die geloof
Kindjie
Begin van die skepping van God
Geliefde Seun
Opsiener van ons siele
Enigste Heerser
Spruit van geregtigheid
Brood
Bruidegom
Blink môrester
Afskynsel van sy heerlikheid
Bewerker van saligheid
Timmerman
Hoeksteen
Kind Jesus
Uitverkore van God
Christus
Christus gekruisig
Christus Jesus onse Heer
Vertroosting van Israel
Raadsman
Verbond van die volk
Skeidsregter
Lig van die hoogte
Verlosser
Skat van die nasies
Dokter
Deur
Banier van die nasie
Ewige Lewe
Ewige Vader
Ewige lig
Afdruksel van sy wese
Getrou
Getrou en Waaragtig
Getroue en waardige getuie

Getroue Skepper
Eersgeborene
Eersgebore uit die dode
Eersteling
Vlees
Geken voor die grondlegging van die aarde
Voorloper
Fondasie
Fontein
Vriend
Loog van die wassers
Gawe van God
Glorie van Israel
God
God ons redder
God met ons
Goeie Meester
Goeie Herder
Leidsman
Hoëpriester
Profeet
Hoof van alle owerhede en mag
Hoof van die kerk
Hoeksteen
Erfgenaam van alles
Hoëpriester volgens die orde van Melgisédek
Heilige
Heilige van God
Hoop van heerlikheid
Horing van verlossing
Ek is
Immánuel
Jesus
Jesus van Nasaret
Regter van die lewende en die dooie
Regverdige man
Koning
Koning van die konings
Koning van die heiliges
Koning van die Jode
Lam
Lam van God
Laaste Adam
Gebieder van die nasies
Lewe
Lig
Lig van die wêreld
Leeu van die stam van Juda

Lewende steen
Here
Here uit die hemel
Here van die here
Here van vrede
Here van die lewende en die dode
Here van die oes
Here van die Sabbat
Here oor almal
Christus van die Here
Man van u regterhand
Man van smarte
Leermeester
Middelaar
Middelaar van ‘n nuwe testament,
Boodskapper
Die Messías
Bedienaar van die ware tabernakel
Eniggebore Seun
Uitverkorene uit die volk
Alleenwyse God
Ons paaslam
Dokter
Krag van God
Prins
Prins van Prinse
Prins van die konings van die aarde
Versoening vir ons sondes
Lewendmakende Gees
Rabboeni
Verlosser
Vuur van die smelter
Opstanding en die lewe
Regverdige
Regverdige kneg
Takkie uitspruit uit die stomp van Isai
Saligmaker
Verlosser van die liggaam
Septer van Israel
Saad van die vrou
Silo
Die seun van Abraham
Seun van Dawid
Seun van God
Seun van Josef
Seun van Maria
Seun oor sy huis
Geestelike rots

Ster uit Jakob
Leraar van God
Waarheid
Woord

Name van die Heilige Gees
Asem van die Almagtige
Vertrooster
Ewige Gees
Gewillige gees
Goeie Gees
Heilige Gees
Heilige Een
Heilige Gees van God
Heilige Gees van die belofte
Nuwe Gees
Krag van die Allerhoogste
Sewe geeste
Gees van aanneming
Gees van Christus
Gees van die Here
Gees van wysheid
Gees van raad en sterkte
Gees van kennis
Gees van die geloof
Gees van die heerlikheid
Gees van genade en smekinge
Gees van strafgerig
Gees van uitdelging
Gees van die lewe
Gees van die profesie
Gees van die waarheid